

Tweede Nederlands-Zuid-Afrikaans Historisch Congres – enkele indrukke

PIETER DE KLERK•

In 1997 het die eerste gesamentlike konferensie van Suid-Afrikaanse en Nederlandse historici by die Randse Universiteit plaasgevind. In Julie 2000 is die tweede konferensie in Wassenaar, Nederland gehou.

Prof. G.J. Schutte van die Vrije Universiteit, Amsterdam, wat ook 'n belangrike aandeel gehad het aan die aanvoerwerk wat gelei het tot die eerste konferensie, het 'n sentrale rol gespeel om hierdie byeenkoms moontlik te maak. Hy is 'n kenner van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en het 'n hele aantal wetenskaplike publikasies oor aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en oor Nederlands-Suid-Afrikaanse verhoudinge gelewer. Verskeie studente het onder hom gepromoveer oor onderwerpe wat verband hou met Suid-Afrika. Daarbenewens was hy jarelank voorsitter van die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging en is nog steeds redakteur van die maandblad *Zuid-Afrika*. Hy het daarin geslaag om subsidies van verskeie instansies te verkry, waaruit onder meer die verblyfkoste van die Suid-Afrikaanse konferensiegangers betaal kon word. Die organisatoriese en administratiewe koördinerings in Nederland is gedoen deur dr. Sief Veltkamp-Visser van die NZAV en in Suid-Afrika deur prof. Grietjie Verhoef van die RAU.

Die byeenkoms het plaasgevind in die gebouekompleks van NIAS (Netherlands Institute for Advanced Studies), geleë in 'n rustige en boomryke woonbuurt van die dorp Wassenaar, net noord van Den Haag, baie naby aan die Noordsee. Dit is beslis die ideale omgewing vir 'n akademiese konferensie. Die natuurskoon, die gerieflike verblyf en die hoë kwaliteit van die maaltye het beslis 'n baie positiewe indruk op die Suid-Afrikaanse konferensiegangers gemaak. Elf Nederlandse en dertien Suid-Afrikaanse akademici is op die program as deelnemers aangedui. Daar was egter verskeie ander Nederlandse en Suid-Afrikaanse belangstellendes wat een of meer sessies van die konferensie bygewoon het.

-
- Prof. P. de Klerk is verbonde aan die Skool vir Basiese Wetenskappe, Fakulteit Vaaldriehoek, van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Hy het aan die konferensie deelgeneem en 'n voordrag gelewer oor die aktiwiteite van die Algemene Nederlandse Verbond in Suid-Afrika.

Die konferensie het geduur vanaf Donderdagmiddag 6 Julie tot Saterdagoggend 8 Julie (dus eintlik twee volle dae). Hoewel daar 21 referate gelewer is, kon hulle almal in hierdie tyd ingepas word, sonder om van parallelle sessies gebruik te maak, deurdat elke referent slegs tien minute gekry het om 'n samevatting van sy voordrag te gee. Verskeie van die voordragte is vooraf per e-pos versprei en kopieë van feitlik al die referate is tydens die konferensie beskikbaar gestel. Dit was dus vir die konferensiegangers moontlik om vooraf 'n mate van voorbereiding te doen. Aangesien die meeste voordragte op papier baie lank was (twintig bladsye en meer) en die bietjie tyd wat daar tussen die verskillende sessies beskikbaar was eerder bestee is aan gesprekke as aan die deurlees van referate, het baie deelnemers waarskynlik net enkele referate vooraf goed deurgelees. Die stelsel om vir elke sessie twee of meer ko-referente aan te wys om die bespreking in te lei, het gehelp om struktuur aan die bespreking te gee. Soos maar dikwels by konferensies die geval is, het al die referente en ko-referente hulle nie streng aan tydsbeperkings gehou nie en was die tyd wat daar vir algemene bespreking beskikbaar was oor die algemeen baie beperk.

Die program is ingedeel in vyf sessies. Die eerste middag is gewy aan twee langer voordragte. Die eerste een is gelewer deur prof. H.L. Wesseling, 'n bekende Nederlandse historikus en rektor van NIAS en het gehandel oor die wyse waarop die Nederlanders die verlies van hul kolonies en ook hulle koloniale verlede in die periode sedert 1945 verwerk het. Die tweede spreker was prof. P.H. Kapp, een van Suid-Afrika se voorste historici en tans ook voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy het die kontinentaal-Europese, en veral ook Nederlandse, invloed op Afrikaanse geskiedenisbeoefening behandel en aangetoon dat hierdie invloed aanvanklik baie groot was maar later aansienlik verminder het.

By die tweede sitting is vyf referate gelewer wat verband gehou het met die Nederlandse Kompanjies tydperk in die Kaap. Die voordragte van die derde sessie het gehandel oor aspekte van Nederlandse invloed in Suid-Afrika gedurende die negentiende en twintigste eeue. In die vierde sessie is daar aandag gegee aan sendingsaktiwiteite in Suid-Afrika, die filosofiese wortels van die apartheidsbeleid en teologiese kritiek op apartheid. Die voordragte van die laaste sessie het hoofsaaklik gehandel oor Nederlands-Suid-Afrikaanse verhoudinge na die Tweede Wêreldoorlog. Daar is dus 'n groot verskeidenheid onderwerpe behandel. Die meeste het tog op een of ander wyse die Nederlandse invloed op en verhoudinge met Suid-Afrika belig. Die oorkoepelende konferensietema, "eender en toch anders", het beslis wel aan die orde gekom, hoewel die voordragte nie almal spesifiek op hierdie aspek van Nederlands-Suid-Afrikaanse verhoudinge gerig was nie. Die referate was oor die algemeen van hoë gehalte, en verskeie daarvan sal hopelik in die vorm van artikels in *Historia* of ander tydskrifte verskyn.

'n Byeenkoms met 'n meer spesifieke tema as fokus, byvoorbeeld die Kompanjies tydperk of Nederlands-Suid-Afrikaanse verhoudinge in die twintigste eeu, sou tot 'n meer intensiewe behandeling van besondere aspekte van die geskiedenis kon gelei het. Dit is egter onwaarskynlik dat 'n konferensie oor so 'n meer gespesialiseerde tema sou kon slaag, veral omdat daar maar baie min historici

Historia 45(2), November 2000, pp. 318-20.

is wat navorsing oor een van hierdie temas gedoen het. Die meeste by die byeenkoms se navorsingsveld is ook baie breër as die Nederlandse tydperk in Suid-Afrika of Nederlands-Suid-Afrikaanse verhoudinge. Verder kon, soos meesal met wetenskaplike konferensies die geval is, verskeie historici wat navorsing oor aspekte van die konferensietema gedoen het, nie teenwoordig wees nie. Nederland en Suid-Afrika is albei klein lande waarin die werkgeleenthede vir professionele historici baie beperk is en die getal historici wat hulle verdiep in temas wat sowel die Nederlandse en die Suid-Afrikaanse geskiedenis raak dus noodwendig maar klein sal wees.

Hoewel dit eers met verloop van tyd duidelik sal word wat die waarde van die Wassenaar-konferensie was, wil dit tans tog voorkom of dit 'n belangrike stimulus vir sowel Nederlandse as Suid-Afrikaanse historici was om meer navorsing te doen oor aspekte wat die verhouding tussen Nederland en Suid-Afrika raak. Dit het gehelp om 'n beter begrip te verkry van die navorsing wat reeds gedoen is en van wat nog gedoen kan en moet word. Bowenal het dit kontak tussen geskiedkundiges van die twee lande versterk en gehelp om meer vertrouwd te raak met mekaar se werkswyses. Die meeste Suid-Afrikaanse historici word op internasionale konferensies hoofsaaklik blootgestel aan Amerikaanse en Britse historici en kry maar min kontak met kollegas van die Europese vasteland, waarvan daar dikwels maar enkeles op internasionale konferensies buite Europa is. Die Europese historici, so wil dit voorkom, is veral daarop ingestel om baie gespesialiseerde konferensies te hou wat hoofsaaklik net vir vakgenote in Europa toeganklik is. In hierdie verband is dit jammer dat sommige Nederlandse historici net by enkele sessies teenwoordig was en dat dit daarom moeilik was om met hulle kennis te maak. Tog het Suid-Afrikaanse historici in Wassenaar in aanraking gekom met die kontinentaal-Europese tradisie wat in die vroeë twintigste eeu so 'n belangrike invloed op Afrikaanse historici gehad het.

Aangesien die meeste Suid-Afrikaanse deelnemers Afrikaanssprekend was, was die voertale van die konferensie hoofsaaklik Afrikaans en Nederlands. Daar was ook deelnemers wat voordragte in Engels gelewer het. Die taalverdraagsaamheid en wedersydse begrip was opvallend. Die feit dat heelwat van die konferensiegangers hulle moedertaal kon gebruik, onderstreep die historiese bande tussen Nederland en Suid-Afrika en die belangrikheid van kontak en samewerking tussen Nederlandse en Suid-Afrikaanse historici.